



# education

---

Department:  
Education  
North West Provincial Government  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

**GRAAD 12**

**GESKIEDENIS V2**

**SEPTEMBER 2024**

**ADDENDUM**

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

**VRAAG 1: HOE HET SWART SUID-AFRIKANERS IN DIE VROEË 1980's OP PW BOTHA SE HERVORMINGS GEREAGEER?****BRON 1A**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n boek geskryf deur A Sparks en MA Tutu. Dit verduidelik die redes waarom PW Botha, President van die Republiek van Suid-Afrika, in 1983 hervormings ingestel het.

... vroeg in 1983 het Botha probeer om die toenemende druk op die land te verminder deur stuksgewys 'n paar hervormings aan die apartheidsbeleid aan te bring sonder om wit minderheidsbeheer af te staan. Hy het, soos hy dit genoem het, 'verouderde' en 'onnodige' apartheidswette, soos die verbod op gemengde huwelike en seks oor die kleurgrens, afgeskaf om 'n nuwe beeld van hervorming (verandering) aan die wêreld voor te hou.

Dit het amper geslaag. Die Westerse moondhede, altyd gretig om die Suid-Afrikaanse omstandighede optimisties (positief) te lees, is vir 'n rukkie om die bos gelei om te glo dat Botha werklik besig was om apartheid af te skaf. Maar, by nadere ondersoek, toe Botha die grondwetlike veranderinge bekend stel wat hy beoog het om te maak, het dit duidelik geword dat wat hy in gedagte gehad het, nie hervorming was nie, maar eerder 'n herformulering (herstrukturering) van apartheid. Hy het sy plan uiteengesit om 'n driekamerparlement te stig, waarin die gemengde ras 'Kleurling'- en Indiër-minderhede afsonderlike kamers sou hê om wette oor hul 'eie sake' te maak, terwyl die bestaande, veel groter, slegs-wit-Volksraad beide 'wit aangeleenthede' en die nasie se 'algemene sake' sou hanteer.

Die groot swart meerderheid sou intussen niks kry nie behalwe die reg om in hulle afgeleë stam-Bantoestans te stem, en die munisipale rade sou hulle aparte swart townships in sogenaamde 'wit' Suid-Afrika bestuur. Maar selfs hierdie stadsrade was nie onafhanklik (vry) nie. Die wetgewing het die wit minister in staat gestel om lede te verwyder, ander aan te stel, of om die hele raad af te dank en 'n nuwe een aan te stel. Dit het beteken dat swart stadsrade regeringbeleid moes implementeer eerder as om aan hulle kiesers se wense gehoor te gee.

[Uit Tutu – *The Authorised Portrait* deur A Sparks en MA Tutu]

**BRON 1B**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n boek geskryf deur Elinor Sisulu, 'n Suid-Afrikaanse skrywer en Menseregte-aktivis. Dit verduideik die UDF se anti-apartheidsaktiwiteite in die vroeë 1980s.

Die UDF was meer suksesvol in sy veldtog wat gevra het vir die boikot van die munisipale verkiesings in die tweede helfte van November 1983. Die Wet op Swart Plaaslike Owerhede van 1982 (een van die Koornhof-wetsontwerpe) het plaaslike regeringstrukture vir stedelike swartes herorganiseer, met munisipale rade wat groter magte en verantwoordelikhede gegee is. Die instellings wat hiervolgens gestig is, is bitterlik deur township-inwoners gegrief (verwerp), en beskou as 'n swak plaasvervanger vir die verteenwoordiging van Afrikane in die sentrale regering.

Die swart rade was nie outonoom (onafhanklik) nie, en nieteenstaande verkiesings kon raadslede wat nie die regeringslyn volg nie, eenvoudig verwyder of vervang word. Om belediging by skade te voeg, moes die township selffinansierend word, en dit was vir die raadslede om maniere te vind om inkomste te verkry. Die enigste manier waarop hulle dit kon doen, is deur huurgeld te verhoog, wat die woede van township-gemeenskappe verder laat oplam het.

Die UDF het dus 'n ontvanklike (simpatieke) gehoor gevind vir 'n boikotveldtog, wat die vorm van opelugvergaderings, huis-tot-huisbesoeke en 'n verspreiding van pamflette en nuusbriewe aangeneem het. Die sukses van die veldtog was duidelik in die lae opkoms [vir die verkiesing]. In Soweto het 'n skamele 10 persent van die kiesers (mense) gestem en die burgemeester is met net meer as 'n duisend stemme in 'n bevolking van meer as een en 'n half miljoen mense verkies.

Op sy Nasionale Algemene Konferensie het die UDF besluit op 'n 'Miljoen Handtekeninge'-veldtog teen die Driekamerverkiesing, in die tradisie van die petisie vir handtekeninge wat gevolg het op die opstel van die Vryheidsmanifes in 1955.

[Uit *Walter and Albertina Sisulu: In our Lifetime* deur Elinor Sisulu]

**BRON 1C**

Die banier hieronder is in 1984 vir die Soweto Civic Association gedruk. Dit beeld sy verwerping van die Koornhof-wetsontwerpe en ander apartheidswette uit.

**'N STEM VIR GEMEENSKAPSRADE IS 'N STEM TEEN DIE MENSE**

**A VOTE FOR COMMUNITY COUNCILS IS A VOTE AGAINST THE PEOPLE**

**1** WE DEMAND PROPER HOUSES AND FACILITIES

**2** Down With Community Councils FORWARD TO FREEDOM

**3** PEOPLE'S UNITY BRINGS PEOPLES POWER

**DON'T VOTE**

**SOWETO CIVIC ASSOCIATION UNITES - KOORNHOF DIVIDES**

Ons eis behoorlike huise en geriewe.

Af met gemeenskapsrade. Vorentoe met Vryheid.

Mense se eenheid bring mense se krag.

**SOWETO CIVIC ASSOCIATION VERENIG - KOORNHOF VERDEEL**

{Uit: [www.nelsonmandela.org](http://www.nelsonmandela.org) Toegang op 08 Februarie 2024 verkry}

**BRON 1D**

Die bron hieronder verduidelik hoe PW Botha se regering op die United Democratic Front (UDF) se teenkanting teen sy hervormings gereageer het.

Die regering het op die verhoogde onrus en organisasie (UDF) op dieselfde manier gereageer wat dit altyd gereageer het – deur mense en organisasies te verbied, deur geweld en onderdrukking en uiteindelik deur 'n noodtoestand. 'n Noodtoestand gee die polisie en staat spesiale magte oor die mense, en mense kan sonder verhoor gearresteer word. Tydens 'n noodtoestand verleen die staat homself die spesiale magte en omseil normale wette wat die menseburgerregte beskerm.

Die regering het aanvanklik in 1985 slegs in sommige gebiede van die land 'n noodtoestand ingestel, maar dit is gou na die hele land uitgebrei en op 'n jaarlikse basis tot 1990 hernu.

Dit het daartoe gelei dat duisende mense gedurende hierdie tydperk in hegtenis geneem is, baie in aanhouding gemartel is en honderde mense vermoor is – hetsy in aanhouding, op straat deur die polisie of deur 'swart op swart' geweld.

Hierdie swart op swart geweld was die gevolg van sommige swart mense wat as spioene saam met die polisie gewerk het, en hierdie verraaiers is dikwels vermoor. Die polisie, wat selfs wapens verskaf het, het dikwels sulke geweld ondersteun.

[Uit <https://www.sahistory.org.za/article/apartheid-early-1980s>.  
Toegang op 08 Februarie 2024 verkry]

**VRAAG 2: WAS DIE AMNESTIEPROSES VAN DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUKSESVOL OM SUID-AFRIKA UIT SY VERDEELDE VERLEDE TE VERSOEN?****BRON 2A**

Die uittreksel hieronder gee 'n uiteensetting van die redes vir die stigting van die Waarheid-en-Versoeningskommissie (WVK).

Die Waarheid-en-Versoeningskommissie (WVK) het ontstaan uit die Kempton Park-onderhandelinge tussen die Nasionale Party en die African National Congress in 1993 en 1994, as deel van die onderhandelde oorgang na demokrasie in Suid-Afrika. Dit is bedink (geskep) om Suid-Afrika se gewelddadige en onderdrukkende (brutale) verlede aan te spreek en as 'n manier om nasionale eenheid en versoening te bevorder. Dit was gegrond (gebaseer) op die oortuiging dat om nasionale eenheid en versoening te bou, dit 'n so waarheidsgetroue rekord as moontlik moet vestig van die 'aard, oorsake en omvang van growwe menseregte skendings' wat onder apartheid tussen 1 Maart 1960 en 10 Mei 1994 gepleeg is, die tydperk wat deur die WVK-mandaat gedek word. Terselfdertyd is daar gehoop dat die werk van die WVK slagoffers van menseregteskendings in Suid-Afrika in staat sou stel om 'meer sigbare en waardevoller burgers te word deur die openbare erkenning en amptelike erkenning van hul ervarings' en dat 'diegene wat verantwoordelik is vir skendings van menseregte verantwoordelik gehou kan word vir hul dade'.

In die uitvoering van sy mandaat het die WVK 'n reeks aktiwiteite onderneem, insluitend: die hou van 'n aantal openbare verhore waar beide slagoffers en oortreders 'n kans gehad het om hul storie te vertel; die uitreiking van amnestie aan oortreders van menseregte in ruil vir 'n volledige openbaarmaking van hul optrede, en die ontwerp van 'n herstelpakket vir slagoffers van menseregteskendings.

[Uit <https://core.ac.uk/download/pdf/58914753.pdf>. Toegang op 08 Februarie 2024 verkry.]

**BRON 2B**

Die uittreksel hieronder fokus op die uitdagings wat die Waarheids-en Versoeningskommissie oor amnesti in die gesig staar. Dit is geneem uit 'n boek *'The Beginning of Reconciliation in South Africa'* (Die Begin van Versoening in Suid-Afrika) en is geskryf deur Erik Doctador.

Die Waarheids- en Versoeningskommissie is doelbewus erken as 'n sleutelkomponent van die land se oorgang, maar dit het wel problematiese aspekte gehad. Sommige kritici het aangevoer dat die klem op versoening probeer het om Suid-Afrikanders aan te moedig om die verlede te vergeet – 'n feit wat implikasies vir die land se toekoms inhou.


Gruweldade (uiters wrede dade) wat deur die apartheidsregime in 'frontline state' Mosambiek en Namibië gepleeg is, is basies oor die hoof gesien; groot politieke en militêre leiers het skotvry daarvan afgekam. Oud-staatspresident PW Botha het byvoorbeeld geweier om aan die WVK se verhoor deel te neem omdat hy na die WVK, onder voorsitterskap van aartsbiskop Desmond Tutu, verwys het as 'n 'heksejag' op die Afrikaners. Hy het ook na die WVK verwys as 'n sirkusspeletjie. Dr Wouter Basson is nie vervolgt vir die gruwelike (afskuwelike) misdade wat hy gepleeg het terwyl hy vir die Suid-Afrikaanse Weermag gewerk het nie, terwyl ander laer in rang lede van die SAW en SAP wel voor die WVK verskyn het.

FW de Klerk, leier van die Nasionale Party, het verklaar dat die WVK 'n verkwistende proses is, omdat dit hom probeer verneder het terwyl sommige senior leiers binne die ANC geweier het om vir amnestie aansoek te doen. Pik Botha, voormalige Minister van Buitelandse Sake, het gesê hy het niks om te bieg nie en Adriaan Vlok het gesê FW de Klerk sal vir hom bieg.

[Uit *The Truth and Reconciliation Commission in South Africa. The Fundamental Documents* deur E Doctador]

**BRON 2C**

Die spotprent hieronder is deur Zapiro geteken en is vir die eerste keer op 2 Augustus 1998 in die *Sunday Times* gepubliseer. Dit beeld PW Botha se onwilligheid uit om voor die WVK te verskyn weens die skendings van menseregte wat tussen 1960 en 1994 gepleeg is.





**BRON 2D**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n boek deur A Krog, 'n bekende Suid-Afrikaanse skrywer en akademikus wat breedvoerig oor die Waarheids- en Versoeningskommissie geskryf het. Dit evalueer die werk van die amnestikomitee van die WVK.

Die Amnestiekomitee was een van die drie komitees wat deur die WVK daargestel is om aandag te gee aan politieke misdade wat tussen 1960 en 1994 gepleeg is. Dit het ongeveer 7 050 amnestie-aansoeke ontvang.

Nie almal het met hierdie unieke model van geregtigheid saamgestem nie. Naomi Tutu, dogter van Aartsbiskop Desmond Tutu, het gesê dat sy aanvanklik teen amnestie gekant was omdat sy gedink het 'dat dit die maklike uitweg was' en 'dat dit gelyk het asof ons mense 'n geskenk gee'. Sy het die besorgdheid van baie Suid-Afrikaners uitgespreek, 'dat dit 'n gevoel was dat die mense letterlik met moord wegkom'. Baie Afrikaners het gedink dat dit afbrekend kon wees, dat haat in die land lewendig gehou sou word eerder as om vorentoe te beweeg en om van die verlede af weg te beweeg. In 'n opname in 1988 het 72% blankes gevoel dat die WVK rasseverhoudinge versleg het.

Volgens Antjie Krog is dit moeilik om die sukses van die WVK in Suid-Afrika te bepaal. Sy het gesê: 'As jy die WVK slegs as 'n middel beskou om amnestie te gee, dan het dit redelik geslaag ... As die WVK as 'n liggaam beskou word om die waarheid vas te stel, het dit ook redelik goed gevaar om die feitelike waarheid vas te stel, om te bepaal 'wat gebeur het'. Dit was baie minder suksesvol om Suid-Afrikaners oor die morele waarheid van die vraag 'Wie is verantwoordelik?' te oortuig. Indien die idee agter die WVK-proses in Suid-Afrika was om te voorkom dat menseregteskendings ooit weer plaasvind, dan het die kommissie misluk ... Die grootste vraag is egter of die WVK-proses versoening bewerkstellig het. Min mense glo dat dit geslaag het.

[Uit *Country of My Skull* deur A Krog]

**VRAAG 3: HOE HET GLOBALISERING DIE EKONOMIEË VAN AFRIKA-LANDE IN DIE 1990's BEÏNVLOED?****BRON 3A**

Die bron hieronder fokus op globalisering en die impak daarvan op ontwikkelende lande. Dit het verskyn in 'n artikel getiteld 'The Negative Effects of Globalisation on South Africa' (Die Negatiewe gevolge van Globalisering op Suid-Afrika) en is op 14 April 2014 gepubliseer.

Globalisering verwys na die proses van die integrasie van ekonomiese, politieke, sosiale en kulturele verhoudings tussen mense, maatskappye en regerings van verskillende nasies en lande. Dit is 'n proses wat daarop gemik is om internasionale beweging van goedere, dienste, arbeid en kapitaal te verbeter. Hierdie proses raak oor direk die omgewing, kultuur, politieke stelsels, ekonomiese ontwikkeling en welvaart en menslike fisiese welstand van samelewings in die wêreld. Globalisering ondersteun internasionalisme en ondersteuning tussen lande, in teenstelling met nasionalisme, wat negatiewe eienskappe het.

Oor die afgelope 30 jaar het die globalisering van die ekonomie gelei deur die Wêreldbank, die Internasionale Monetêre Fonds en transnasionale entiteite teen 'n baie vinnige pas plaasgevind. Die verarming van Afrika is 'n gevolg van sulke prosesse. Besluite deur internasionale organisasies verseker dat die kans teen nasies van die Suide gestapel word as gevolg van magswanbalanse; reëls word gemaak om arm nasies te benadeel. Internasionale ooreenkomste het dus ongelyke uitkomst. Dit het regerings van ontwikkelende lande, soos Suid-Afrika, onder druk geplaas om sy handelsversperrings vir die oorgrensvloei van kapitaal en produkte, soos die pluimveerbedryf, te verwyder.

[Uit <http://www.123helpme.com/negative-effects-of-globalization-on-south-africa-preview.asp?id=168666>

Toegang op 08 Februarie 2024 verkry.]

**BRON 3B**

Hierdie bron fokus op die resultate van globalisering vir beide ryk en arm nasies. Dit het in 'n artikel getiteld 'Bitesize' verskyn en is in 2014 gepubliseer.

Globalisering het gelei tot: verhoogde internasionale handel; 'n maatskappy wat in meer as een land werkbaar is; groter afhanklikheid van die globale ekonomie; vryer beweging van kapitaal, goedere en dienste, erkenning van maatskappye soos McDonald's en Starbucks in minder ekonomies ontwikkelde lande.

Hoewel globalisering waarskynlik help om meer welvaart in ontwikkelende lande te skep, help dit nie om die gaping tussen die wêreld se armste lande in die wêreld se rykstes te verklein nie. Globalisering het daartoe gelei dat baie besighede bedrywighede in ander lande oprig of koop. Maatskappye wat in verskeie lande bedrywig is, word multinasionale korporasies of transnasionale korporasies genoem. Die Amerikaanse kitkosketting McDonalds is 'n groot multinasionale korporasie – dit het byna 30 000 restaurante in 119 lande.

Globalisering werk meestal in die belange van die rykste lande, wat steeds wêreldhandel oorheers ten koste van ontwikkelende lande. Die rol van minder ekonomies ontwikkelde lande in die wêreldmark is meestal om die Noorde en Weste van goedkoop arbeid en grondstowwe te voorsien. Daar is geen waarborg dat die rykdom van inwaartse beleggings die plaaslike gemeenskap sal bevoordeel nie. Dikwels word winste teruggestuur na die meer ekonomies ontwikkelde land waar die transnasionale korporasie gebaseer is. Transnasionale maatskappye kan plaaslike maatskappye uit hul besigheid dryf. As dit goedkoper word om in 'n ander land te werk, kan die transnasionale korporasie die fabriek sluit en plaaslike mense oorbodig maak.

'n Afwesigheid van streng afgedwingde internasionale wette beteken dat transnasionale korporasies in minder ekonomies ontwikkelde lande kan werk op 'n manier wat nie in 'n meer ekonomies ontwikkelde land toegelaat sal word nie. Hulle kan die omgewing besoedel, risiko's met veiligheid loop of swak werksomstandighede en lae lone op plaaslike werkers afdwing.

[Uit <http://www.bbc.co.uk/schools/qcsebitesize/geography/globalisation-rev5.shtml>.

Toegang op 08 Februarie 2024 verkry.]

**BRON 3C**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n artikel deur R Naiman en N Watkins met die titel 'Has Africa "Turned the Corner" in Recent Years?' ('Het Afrika in die Afgelope Paar Jaar "oor die Ergste" gekom?). Dit fokus op die impak wat programme vir strukturele aanpassing op Afrika gehad het.

Die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) het in 1998 'n reeks publikasies en openbare verklarings uitgereik waarin hulle beweer dat hulle krediet moet kry vir 'n 'ekonomiese Renaissance (herlewing) in Afrika' en 'n 'ommekeer in groeiprestasie'. Die IMF en Wêreldbank beweer dat strukturele aanpassing alreeds vrugte begin afwerp, ten minste in mikro-ekonomiese terme. As 'n mens egter die groeiprojeksies wat onlangs deur die Wêreldbank vrygestel is, ondersoek, vind jy dat die 'groei-ommekeer' kortstondig was. Volgens die Wêreldbank het die reële bruto binnelandse produk (BBP) per capita in 1996 met 1,4% gegroei, maar teen 1997 het groei tot 0,4% verminder en in 1998 het die per capita-inkomste met 0,8% gedaal. Die Wêreldbank projekteer 'n verdere afname van 0,4% in 1999. Kortom, indien daar 'n 'ekonomiese Renaissance' vir Afrika was, lyk dit asof dit verby is ...

Die data wat in hierdie studie ondersoek is, gee te kenne dat die IMF in Afrika gefaal het ten opsigte van hulle eie verklaarde doelwitte en volgens hulle eie data. Groeiende skuld, swak groeiprestasie en die onvermoë van die meerderheid van die bevolking om hulle toegang tot onderwys, gesondheidsorg of ander basiese behoeftes te verbeter, is die algemene patroon in lande wat aan IMF-programme blootgestel is.

Die kernelemente van die IMF se programme vir strukturele aanpassing het sedert die vroeë 1980's merkwaardig bestendig gebly. Alhoewel daar die laaste jaar en 'n half al hoe meer kritiek en oproepe vir hervorming was, het geen hervormings van die IMF of hulle beleid te voorskyn gekom nie ...

In die afwesigheid van enige hervorming by die IMF in die nabye toekoms word die behoefte aan skuldkansellering vir Afrika al hoe dringender. In 1997 het die enorme skuld 4,3% van sub-Sahara-Afrika se bruto nasionale produk (BNP) verteer. Indien hierdie hulpbronne vir beleggings aangewend is, kon die streek hulle ekonomiese groei met amper 'n volle persentasiepunt verbeter het – ongelukkig is dit meer as twee keer hulle per capita-groei vir daardie jaar. Maar die skuld eis ook 'n ander prys op wat miskien selfs hoër as die uitvloeï van hulpbronne uit die land is: Dit verskaf die middel waardeur dit vir die IMF moontlik is om die voorwaardes van hulle programme vir strukturele aanpassing op hierdie uiters arm lande af te dwing.

[Uit [http://www.cerpr.net/documents/publications/debt\\_1999\\_04.htm](http://www.cerpr.net/documents/publications/debt_1999_04.htm).  
Toegang op 08 Februarie 2024 verkry.]

**BRON 3D**

Hierdie spotprent het in die *Eritrean News* verskyn met die titel 'How The World Bank and International Monetary Fund Destroy Africa' ('Hoe die Wêreldbank en Internasionale Monetêre Fonds Afrika vernietig'). Die spotprenttekenaar en die publikasiedatum is onbekend.



[Uit: <http://www.tesfanews.net/how-the-world-bank-and-the-imf-destroy-africa/>.  
Toegang op 08 Februarie verkry]

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Doctador, E. *The Truth and Reconciliation Commission in South Africa*. The Fundamental Documents

[http://www.bbc.co.uk/schools/gcsebitesize/geography/globalisation\\_rev5.shtml](http://www.bbc.co.uk/schools/gcsebitesize/geography/globalisation_rev5.shtml)

[http://www.cerpr.net/documents/publications/debt\\_1999\\_04.htm](http://www.cerpr.net/documents/publications/debt_1999_04.htm)

<https://core.ac.uk/download/pdf/58914753.pdf>.

[www.nelsonmandela.org](http://www.nelsonmandela.org).

<https://www.sahistory.org.za/article/apartheid-early-1980s>.

<http://www.tesfanews.net/how-the-world-bank-and-the-imf-destroy-africa/>.

<http://www.123helpme.com/negative-effects-of-globalization-on-south-africa-preview.asp?id=168666>

Krog, A. 2002. *Country of my Skull*, Published by Random House

Shapiro, J. 1998. *Zapiro: The Madiba Years*.

Sisulu, E. 2003. *Walter and Albertina Sisulu: In our lifetime* (David Phillip)

Sparks, A and Tutu, M.A. 2011. *The Authorised Portrait* (Macmillan, Johannesburg)